


Dag 21

♥ Moenie bekommerd wees nie !



Vandag is die laaste dag van die 21dae "LOCKDOWN". Ek sien almal was baie kreatief en het nuwe maniere gevind om dinge gedoen te kry. Ek hoop julle gesin het lekker dinge saam gedoen wat julle vir altyd sal onthou! Dit was vir my so lekker om saam legkaarte te bou, speletjies te speel, fliks te kyk, te bak en brou, 'n gym te bou op ons stoep en saam kerk te hou in ons tuin.

Al wat ons nou kan doen is om op God te vertrou en dankbaar te wees vir ons gesondheid en gawes. 

Woord: Matteus 6: 25-34

Die Here sê vir ons ons hoef nie bekommerd te wees oor wat ons sal eet en drink nie. Ons hoef nie bekommerd te wees oor die klere wat ons moet aantrek nie. Die lewe is belangriker as kos en die liggaam is belangriker as klere.



Kyk na die voëls. Hulle saai nie, hulle sny nie koring af nie, hulle pluk nie vrugte nie en hulle maak nie kos bymekaar in 'n stoorkamer nie. God gee elke dag vir hulle kos. En julle is baie belangriker as die voëls.

En hoekom is julle bekommerd oor die klere wat julle moet aantrek? Kyk hoe groei die blomme



in die veld. Hulle werk nie hard nie en hulle maak nie klere nie. Maar Ek sê vir julle: Koning Salomo was ryk en hy het mooi aangetrek, maar sy klere was nie so mooi soos een van hierdie

blomme nie.




God maak al die plante in die veld mooi, maar hulle lewe nie lank nie. Hulle groei vandag, en môre gooi iemand die plante in die vuur. God sal julle baie mooier aantrek en Hy sal beter sorg vir julle as vir die plante, ook vir julle wat so min glo.

Durbanville Gemeente - Bybelstudie vir families

“Daarom moet julle nie bekommerd wees nie. Julle moenie vra: ‘Wat moet ons eet?’ of ‘Wat moet ons drink?’ of ‘Wat moet ons aantrek?’ nie. Want al hierdie dinge is belangrik vir die mense wat nie vir God ken nie. Ons Vader in die hemel weet wat ons nodig het. Nee, dit moet vir julle die belangrikste wees dat God julle Koning is. Julle moet gehoorsaam wees aan Hom en doen wat Hy wil hê. Dan sal Hy al hierdie ander dinge ook vir julle gee. En julle moenie vandag bekommerd wees oor wat môre sal gebeur nie. Môre sal sy eie probleme hê waaroor julle bekommerd sal wees. So sal elke dag sy eie probleme hê.”

Gesels as gesin oor die volgende vrae

1. Hoekom is ons nou bekommerd? 
2. Was God met jou en jou gesin in die laaste 2 weke?
3. Het julle nog elke dag kos en klere om te dra?
4. Kan jy elke aand in ‘n warm bed slaap?
5. Is daar mense wat vir jou lief is?

Dankie dat ons saam kon reis vir 21 dae. Ons is nou eers klaar met die dagstukkies en sal van nou af elke Sondag tydens ‘lockdown’ ‘n les uitstuur wat julle as gesin saam kan doen.

Hou vas aan julle geloof. Ondersteun mekaar en wees lief vir mekaar. Sterkte vir die volgende 14 dae van lockdown!

Gebed

Liewe Heer, dankie dat U altyd vir ons sal sorg. Dankie vir familie en vriende. Dankie dat U ons veilig hou in hierdie tyd en ons kos het om te eet.

Uitdaging

Doen die week iets vir iemand anders om te wys hoe dankbaar jy is. Julle kan ‘n ouetehuis, aftree-oord of kindershuis bel, en hoor waarmee julle kan help. Dalk kan julle vir iemand inkopies

Durbanville Gemeente - Bybelstudie vir families

doen wat nie self by die winkel kan uitkom nie. Of julle kan sommer net jul ou tydskrifte êrens gaan afgee en so vir iemand iets beteken.

Aktiwiteit 1

Maak 'n lys van alles wat julle in die 3 weke van lockdown gedoen het en waarvan julle gehou het. Maak dan ook 'n lys van wat julle nog nie gedoen het en graag nog wil doen.

Aktiwiteit 2

Kies een van die prente onder en maak 'n familiestamboom. Skryf die name in van jou familie of sommer net die name van mense wat vir jou belangrik is. Jy kan ook jou vriende se name inskryf as jy wil.



Familiestamboom

